MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 4/2025 **6 Maart 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Without training, they lacked knowledge. Without knowledge, they lacked confidence. Without confidence, they lacked victory.

Julius Caesar

Vrydag 21 Februarie het ons soos die Romeine van ouds na die Pilditch-arena opgeruk. Op en van die baan af was hierdie voorwaar ‘n Excellentia-dag vir Midstream College. 'n Spesiale trompetsaluut aan al ons afrigters, onderwysers en organiseerders wat hierdie skouspel moontlik gemaak het. Dankie vir almal se maande van deeglike beplanning en onbaatsugtige diens. Dankie ook aan al die ouers vir julle hulp en ondersteuning op die tuisfront.

Ek hoop elke Midstreamer kan met trots terugkyk na die dag, en mag die onsterflike woorde van Julius Caesar julle bybly: Veni Vidi, Vici. Ek hoop elke atleet, toeskouer en helper het en sal oor die spreekwoordelike hekkies en struikelblokke in julle baan seil en julself altyd as oorwinnaars sien.

Baie dankie ook aan ons graad 12-ouers wat verlede week ons inligtingsaand in massas bygewoon het. Dit is altyd ‘n riem onder die hart om te sien hoeveel ouers sulke geleenthede bywoon. Baie sterkte ook aan ons matrikulante; ek glo al die akademiese oefening sal tot kennis en selfvertroue lei waarmee julle die eindeksamen sal troef.

Ons het verder vir vroeg volgende kwartaal ‘n geleentheid geskep waar ‘n kenner met leerders in skooltyd en ook in die aand met ouers rondom die digitale dilemma waarin ons onsself bevind, kom gesels (meer besonderhede is elders in hierdie nuusbrief). Die College is ook besig om indringend na ons selfoonbeleid te kyk, en sal ook insette van julle kant af waardeer.

Die spreekwoordelike koning (somersport) is dood, lank lewe die koning (wintersport). Ek hoop om Vrydag en Saterdag baie van julle by ons jaarlikse derby teen Cornwall Hill College te sien. Carpe Diem!

OPEDAG - 12 MAART 2025

AKADEMIE

RAPPORTE: EERSTE KWARTAAL

Dié rapporte sal op Dinsdag 22 April op die ouerportaal beskikbaar wees.

OUERAAND

Die eerste oueraand van die jaar vind op Donderdag 24 April vanaf 16:00 tot 19:00 plaas.

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za

VAKKEUSE VIR GRAAD 10 (2026)

U kind se finale vakkeuse, wat noodwendig by sy/haar latere studierigting en beroepskeuse aansluit, is waarskynlik een van die belangrikste keuses in sy/haar lewe. 'n Verkeerde keuse lei tot ongemotiveerdheid en onderprestasie.

Ons skool bied psigometriese toetse aan om graad 9-leerders te help om die regte vakke te kies. Die assesserings sal gedurende Junie in groepe voltooi word. Me Esmarie Cilliers, die skoolberader, sal die proses fasiliteer. Die doel is om vakveranderings te verminder en om beter leiding ten opsigte van loopbane te verseker. Die deelname aan die proses is vrywillig. Koste vir die assesserings is R400 en sal van u skoolrekening verhaal word indien u vir die toetse inskryf. Meer inligting volg volgende kwartaal.

Benewens die fokus in die graad 9-LO-kurrikulum, het die skool ook dr Mari Laas (mari@careercounsel.co.za), me Elsabé Botha (elsabe@embotha.co.za) en me Leonie Taljard (info@leonietaljard.co.za) se dienste bekom om die toepaslike toetse saam met die leerders wat belangstel, af te lê. Kontak hulle asseblief per e-pos, indien u van hierdie dienste gebruik wil maak. As verwysing, gebruik u Midstream en u kind se naam en van. Die koste vir hierdie diens is direk aan die diensverskaffer betaalbaar. U is ook welkom om 'n diensverskaffer van u keuse te gebruik.

Ons vakkeuse-inligtingsaand is op 14 Augustus. U kind se finale vakkeuses moet teen Maandag 18 Augustus ingehandig wees.

TOETS OP 20 MAART

U word daaraan herinner dat daar op die laaste skooldag van hierdie kwartaal 'n geskeduleerde toets is. Leerders kan nie vir verlengde vakansie-doeleindes daarvan verskoon word nie.

BOOST PROCUREMENT

Ons het nou 'n alternatiewe skryfbehoefte- en handboek-verskaffer tot u beskikking. 'n Vinnige skakel na Boost Procurement is op ons webtuiste beskikbaar (Akademie – Handboeke – Boost Procurement).

Selfoongebruik by die skool

Ons is tans besig om leerders se gebruik van selfone by die skool te herevalueer. Baie skole, en selfs sekere lande, het 'n ferm standpunt hieroor ingeneem. Navorsing dui daarop dat die beperking van hul toegang gedurende die skooldag beduidende positiewe resultate gelewer het. 'n Verskeidenheid belanghebbendes sal geraadpleeg word voordat enige finale besluit geneem word.

Dr Anke de Beer sal op Woensdag 23 April 'n praatjie getiteld *The Digital Dilemma* vir die graad 6- en 7-leerders van beide laerskole, sowel as hoërskoolleerders, aanbied. Dr de Beer het ook ingestem om dieselfde insigte met ouers te deel, en 'n geskikte datum vir hierdie sessie sal mettertyd gekommunikeer word.

Dr de Beer is 'n gerespekteerde spreker, navorser, konsultant en skrywer oor die dringende kwessie van tegnologie en die verwoestende uitwerking daarvan op die mensdom. Sy gebruik haar uitgebreide akademiese kennis en ervaring in die beradingskamer om mense met die gebruik van digitale media op te lei. Sy het al saam met skole, organisasies, kerke en wetstoepassers gewerk.

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

THE UNIFORM SHOP

Hiermee die besigheidsure gedurende die vakansie:

- 20 Maart: 07:00 – 15:00
- 21 Maart tot 2 April: Gesluit
- 3 & 4 April: 08:00 – 16:00
- 7 April: 08:00 – 17:00
- Vanaf 8 April: 07:00 – 17:00

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za